Mediaverklaring
Solidariteit
5 Maart 2010

Suid-Afrikaners staan op teen misdaad met skokkende musiekvideo – Solidariteit

'n Skokkende musiekvideo waarin Suid-Afrikaners wat geliefdes weens misdaad verloor het, opstaan om standpunt teen dié probleem in te neem, is vandag deur die vakbond Solidariteit in samewerking met die musiekgroep Niemand bekendgestel. Die musiekvideo van die liedjie *Jericho* vorm deel van Solidariteit se veldtog teen misdaad.

Die veldtog wat in Februarie afgeskop is, is bedoel om protes aan te teken teen die regering se klaarblyklike miskenning van die erns van misdaad in Suid-Afrika en om druk op die regering te plaas om misdaad as 'n groter prioriteit te beskou. Suid-Afrikaners is genooi om teenmisdaadboodskappe aan president Jacob Zuma te rig. Zuma het bevestig dat hy eerskomende Dinsdag die briewe in ontvangs sal neem. Solidariteit beoog om teen dan 100 000 briewe van Suid-Afrikaners te oorhandig. Teen vanoggend was daar reeds meer as 75 000 ontvang.

"Die liedjie en musiekvideo bevestig dat Suid-Afrikaners moeg is vir die vrees van misdaad. Die lied, gesing deur die sanger Joe Niemand, is 'n gebed oor die skynbaar onoorkombare muur van misdaad en die vrees wat gewone Suid-Afrikaners in die gesig staar," verduidelik Dirk Hermann, adjunk uitvoerende hoof van Solidariteit.

Volgens Niemand was dit nie eens nodig om 'n storielyn vir die video te skep nie. "Ons het bloot mense wat ons ken wat ook geliefdes verloor het, gevra om in die video te verskyn en die resultaat was so kragtig dat ons niks anders nodig gehad het nie," sê Niemand.

In die video wys families en vriende foto's van geliefdes wat hulle verloor het. Dit eindig met duisende Suid-Afrikaners wat saam staan met een boodskap – dat daar dringend 'n verandering in Suid-Afrika moet kom. Die video is beskikbaar by http://www.stube.co.za/4.0/video/289/Jericho--Niemand. Die liedjie verskyn ook op die groep Niemand se album *This is War.*

Solidariteit het ook verlede week 'n teenmisdaadvideo op STube bekendgestel waarin die stories van mense wat deur misdaad geraak is, vertel word. Dié video is reeds meer as 6 300 keer besigtig en is beskikbaar by http://www.stube.co.za/4.0/video/288/Die-stories-van-Suid-Afrikaners-wat-die-president-nie-wou-hoor-nie .

As mense aan die veldtog wil deelneem, kan hulle 'n brief direk aan president Zuma stuur by www.geagtepresident.co.za. Mense wat nie toegang het tot die internet nie kan bloot die woord "misdaad" SMS na 35960. SMS'e kos R3.